Tweede uitgawe
2016

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewe bus	2
Vergadering van 5 Maart	3
Vergadering van 3 April	11
Herfsgroete	16
Lede profiel	22
Kalender	23
Terugvoering demonstrasie	24
Snippets	25

Van die redakteur.

Beste bonsai vriende

Daar is sekere dinge wat jou ge-heue prikkel en dan onthou jy iets (goed of sleg) wat jy lank gelede in jou lewe ervaar het.

Dit kan 'n sekere reuk wees wat jou laat dink aan jou ouma se plaaskombuis. Dit kan iets wees wat jy proe en dan verlang jy na jou ma se gunsteling gereg toe jy 'n kind was, of dalk musiek wat jou laat terugdink aan 'n lekker troue of funksie. Dit kan ook iets wees wat iemand sê of doen.

By die vergadering van 3 April het Erika Kohler 'n pragtige landskap geskep. Terwyl ek so staan ek kyk na haar skepping nadat hy voltooi is kry ek skielik 'n herinnering aan (omtrent) pre-sies so landskap wat ek baie jare gelede gesien het toe ek as jong mannetjie in die weermag was. Ek kon myself sien sit op daardie rotse onder 'n groot boom en ek kon selfs die wind voel waai en onthou hoe ek gevoel het. Jonk en bruingebrand en sonder kommer.

As mens so iets met 'n bonsai (of landskap) kan doen dat iemand iets werkliks ervaar dan is jou boom of landskap 'n sukses. Sien bl 15 vir die landskap waarvan ek praat.

Bonsai groete

Jaco

"Nothing great was ever achieved without enthusiasm."
- Ralph Waldo Emerson

Briewe Bus / Vra is Vry

The Kei Apple

In the last Koeda Page 11 there was a good article on this indigenous bonsai candidate. Just a few observations:

Since there are male and female trees, your tree may never produce fruit!

It is definitely frost-sensitive although when established it can survive light frost.

We can surely try more than just upright informal styles. Think of slanting, Pierneef, windswept, bushveld and more.

it is a tree worth using for bonsai, try to experiment.

Gareth Bath

In the previous edition a member requested some advice on removing the white deposits on his pots. Prof Gareth Bath answers as follows:

The white deposits on pots are usually calcium, in various combinations. If this is the case, you can first try applying weak acids like white vinegar or lemon juice. You'll see if it's working by the slow appearance of tiny bubbles. Sometimes you have to use a strong acid, like pool acid, but BEWARE!! Don't let the acid touch your skin, it can cause serious burns. Dilute 1:10 and apply carefully, wear disposable rubber gloves if possible. Once the white deposit has been removed, neutralise the acid with baking soda. When there are no more bubbles, it should be safe, but wash down with clean water.

(This advice is offered in good faith, but you have to use it at your own risk please)

Gareth

“Patience is not the ability to wait, but the ability to keep a good attitude while waiting”

Vergadering van 5 Maart 2016

"Tip of the month" - deur Gerhard Derks

Gerhard sê dat behalwe vir bonsai hy ook 'n belangstelling het in mooi messe. Hy het eendag vir hom 'n mooi mes gekoop en die koopprys was op die mes se lem geplak. Toe hy die 'price tag' aftrek bly die taai gom agter op die lem. Gerhard rook graag pyp en gebruik Zippo aansteker vloeistof vir sy pyp aanstekers. Hy neem toe van sy Zippo vloeistof, sit daarvan op 'n sponsie en vryf oor die gom, en siedaar, die gom kom af. Nou gebruik Gerhard dieselfde Zippo vloeistof om die taai wat veral Wilde Vy sap op sy gereedskap laat mee af te haal.

Dan het Gerhard sommer 'n tweede 'tip' gegee. Hy sê dat hy van sy bome op die grond geplaas het sodat die wortels deur die potte se dreineringsgate groei in die grond in, om sodoende vining te groei en dik stamme te vorm. Hy het egter altyd gesukkel om dan daardie bome weer op te tel omdat die wortels gevestig was in die grond. Nou plaas hy sy pot met die boom in binne in 'n groter groeibak. Die wortels groei steeds deur die dreineringsgate tot in die grond van die groot groeibak. Dit is dan baie makliker om die boom met sy bak af te haal van die groter groeibak.

Algemene jaarvergadering 2016—Voorsitter verslag

Eersten wil ek vir al die lede danklie sê. As dit nie vir julle is nie, sal die Kai nie wees wat dit is nie, lewendig. Daar is altyd interesante dinge aan die gebeur. Baie dankie ook dat julle so entoesiaties is en gereeld die vergaderings bywoon. Daar is altyd so ‘n gemiddeld van 60 lede wat die vergaderings bywoon.

Baie dankie aan almal wat praaitjies en demonstrasies gelewer het. Dit was weereens van hoogstaande gehalte. Almal doen baie moeite met die voorbereiding en aanbiedings, van die “tip of the month” tot en met die hoof praaitjies en demonstrasies.

Baie dankie ook aan die lede wat bome Kai toe bring vir die uitstalling. Ek wil die ander lede wat nog nie bome gebring het nie, aanmoedig om ook bome te bring. Dit is die eerste stap, daarna sal jy die selfvertroue hê om jou bome na die skou te bring.

Dan het ons ook weer ons jaarlikse skou by Safary aangebied. Dit was weereens ‘n groot sukses. Hier wil ek ook die lede vra om asseblief bome te bring. Ons kan nie altyd op dieselfde lede staatmaak om bome te bring nie. Ons het om en by 70 lede maar net 10-15 lede bring elke keer bome vir die uitstalling. Ek wil ook baie dankie sê aan die lede wat hand bygesit het om die skou op te stel en daarna weer af te breek. Dankie ook aan die lede wat diens gedoen het, sonder julle kan ons nie so iets doen nie.

Die BRAT dag wat ons aangebied het was weereens ‘n groot sukses. Ek het baie positiewe te-rugvoer van die mense wat dit bygewoon het gekry. Ons het weer meer as 100 mense gehad wat die dag bygewoon het. Ek wil al die lede wat betrokke was, van die saal regkry tot die kos bedank vir julle harde werk. As dit nie vir julle was nie sou ons nie so ‘n dag kon aanpak en ‘n sukses van maak nie. Dit word waardeer. Ek wil die lede ook aanmoedig om die ander BRAT dae by te woon. Dit is altyd interessant en ‘n mens leer baie. Ons Kai het altyd die meeste mense teenwoordig by die dae.

Dan was daar weer ‘n klomp van ons lede wat die ABA konvensie in die Kaap bygewoon het. Dit was ‘n uitstekende Konvensie en ek moet weereens die Kaap klubs gelukwens met wat hulle ge-doen het. Die lede wat dit nie bygewoon het nie, het iets besonders gemis en moet tog as hulle kan die volgende een bywoon. ‘n Mens sien en leer so baie en maak soveel nuwe vriende by die konvensies.

Dan wil ek die volgende lede bedank vir wat hulle doen: Charles vir die kursusse wat hy aanbied, Antony vir die verkope, Jaco vir die Koeda, Duvan vir die opdatering van die Kai web tuiste, Erika vir die biblioteek, Christa vir die verversings en “raffle” en almal wat betrokke is met die regpak van die saal. Dit word alles waardeer.

Laaste maar nie die minste, die komittee. Baie dankie vir die harde werk en moeite wat julle doen om die Kai aan die gang te hou. Julle doen ‘n fantastiese werk. ♣

Vergadering van 5 Maart 2016.

Bonsai 'NUT'!

Elke jaar, by die algemene jaar vergadering, word daar 'n Bonsai 'Nut' vir die jaar wat verloop het aangewys. Die 'trofee' gaan aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die kommitee besluit om die 'trofee' aan Francois Viljoen te gee.

Francois Viljoen (links) ontvang sy 'trofee' van Francois van As.

Francois is 'n jong man wat tenspyte van sy studies groot entoesiasme wys in bonsai en in die kai. Hy mis omtrent nooit 'n vergadering nie en neem altyd deel in die kai se bedrywighede. Hy neem bome na werkswinkels en die uitstallings en neem graag deel in die bespreking van bome.

Baie geluk Francois en baie dankie vir jou entoesiasme en dat jy wys daar is plek vir jong mense in bonsai en veral in die kai! ♣

Vergadering van 5 Maart 2016.

Die tema van die vergadering was “Phoenix graft”. Duvan Horn het die praatjie en demonstrasie aangebied en lede het spontaan deelgeneem in die gesprekke. Duvan het vertel dat hy so week of twee voor die vergadering na Org se huis gegaan het waar Org hom gehelp het om gleuwe in die stomp, wat Duvan in sy demonstrasie gebruik het, te kerf. Duvan het ’n paar video ‘clips’ gewys van hom en Org se kerwery. Daarna het hy ’n “Powerpoint presentation” gewys waarin hy onderandere ’n hele klomp fotos gewys het van baie mooi “Phoenix graft” bome. Die fotos wat in sy aanbieding was word nie hier weergegee nie.

Phoenix Graft - Agtergrond

- Die term “Phoenix Graft” is eerste gebruik deur ’n Amerikaner Dan Robinson.
- Die ooste, Japan en die weste (Amerika) verskil in die aanvaarding van hierdie styl as deel van Bonsai. In Japan word die styl ook ’n Tanuki genoem en dit beteken “misleading” (deception). In Japan sal jy dus nooit ’n Tanuki Bonsai op ’n uitstalling sien nie. Dit beteken egter nie dat jy nie ’n Tanuki Bonsai in hulle private uitstalling sal sien nie.
- Phoenix verwys na ’n mistieke voël wat gesterf het en toe weer uit die as opgestaan het as ’n beter weergawe. Dus as jy ’n Phoenix Graft Bonsai maak is dit gebaseer op ’n meer edele gedagte.
- Die enigste reël is, as jy dit doen, doen dit tot die beste van jou vermoë en moenie daaroor lieg nie, erken dit is ’n Phoenix Graft. Dit is slegs “misleading” as dit jou doel is om te mis lei.

Vergadering van 5 Maart 2016.

Wat is 'Phoenix Graft in bonsai terme?

- Dis die tegniek waar jy gebruik maak van 'n stuk dooie hout en 'n jong buigbare boom en die twee met mekaar versoen om 'n baie ou boom voor te stel. Meer as een boom kan ook gebruik word.
- Gleuwe word in die dooie hout gekerf waarin die lewendige boom geplaas word. Die lewendige boom kan met verskeie tegnieke en materiaal aan die dooie hout geheg word. Voorbeelde is skroewe, spykers, gom en 'cable ties'.
- Die gleuwe moet so gekerf wees dat dit die jong boom kan vas knyp na 'n paar jaar se groei en verdikking. Indien nie sal die jong boom homself uit die gleuwe druk en dit is nie wat ons beoog met hierdie styl nie. Dit moet tog in 'n mate natuurlik lyk.

Bo: Duvan het 'n Olienhout stomp gebruik as die basis. Hy het gewys dat hy 'n stukkie polysterene onderaan vasgemaak het sodat die stomp bietjie hoër is as hy in die bak geplant is.

Regs: Dit help as daar hulp is by die vasmaak van die takkies in die gleuwe.

Links: Die takkies word stewig in die gleuwe vasgemaak. Die boom se wortels kan in die plastiek sakkie gesien word.

Regs: Die boom in die groeibak geplant. Die boom moet nou goed versorg word sodat die takkies verdik en stewig in die gleuwe vasgroei. Stilering sal eers oor 'n paar seisoene begin word.

Nuwe Talent Kompetisie

Gedurende die vergadering van 5 Maart het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die wenner en naaswenner het die Pretoria Bonsai Kai by die BRAT byeenkoms verteenwoordig. By die BRAT byeenkoms is al die klubs/Kai's van die streek verteenwoordig.

Ons was baie bevoorreg en dankbaar dat sewe van ons lede aan die kompetisie deelgeneem het. Twee van die lede is ook lid by Suikerbos Bonsai klub, wat natuurlik verbind is aan Pretoria Bonsai Kai. Die deelnemers was Stefann Pretorius, Ilsette Parsons, Francois Viljoen, Johan Joubert, Morgan Naicker, Izebelle Nortman en Wynand Vermeulen.

Die bome wat gestyl moes word was almal "Juniperus Procumbens Nana". Die materiaal was ongelukkig die jaar van 'n swak gehalte. Dit raak al hoe moeiliker om goeie materiaal in die hande te kry en as iemand weet waar materiaal beskikbaar is laat weet asb die kommitee.

Die deelnemers het aan die bome gewerk terwyl die vergadering aan die gang was en is ongeveer drie uur gegee om die bome te styl. Daar was nie verwag dat die boom in 'n bonsai bak geplant word nie. Nadat die sewe lede hulle stilering voltooi het, is die bome deur Charles Ceronio, Duvan Horn en Hannes Fritz beoordeel. Daar is onder andere gekyk na aspekte soos: ontwerp, balans, natuurlike voorkoms, bedrading, snoeiwerk en oorspronklikheid.

Die keuse van die beoordelaars vir die wenboom het gegaan aan Stefann Pretorius met tweede plek aan Francois Viljoen en derde plek aand Johan Joubert. Al die bome was van hoë gehalte en die lede kan trots wees op hulself, veral inaggeneem die kwaliteit van die materiaal.

Die fotos van die gestyleerde bome kan natuurlik nie werklik wys hoe die boom gelyk het nie, maar gee darem 'n idee. Die fotograaf het ongelukkig net fotos geneem van die gestileerde wen bome en nie die ander vier nie se eindproduk nie. ♣

Van links na regs: Ilsette Parsons, Morgan Naicker en Izebelle Nortman.

Vervolg op bl 9

Nuwe Talent Kompetisie

Links: Wynand Vermeulen

Bo: Francois Viljoen wat tweede plek gekry het.

Onder: Johan Joubert wat derde plek behaal het.

Vervolg op bl 10

Nuwe Talent Kompetisie

Bo: Die beoordelaars hard aan die besluit. Van links, Duvan, Charles en Hannes.

Bo: Stefann Pretorius wat eerste plek losgeslaan het.

Links: Stefann se wenboom

Vergadering van 3 April 2016

"Tip of the month" - deur Francois van As

Die kweek van goeie gewoontes

Peste en siektes kan baie makliker voorkom word as genees. Oor die algemeen sal bonsai wat gesond is min peste kry en dit ook beter weerstaan. Goeie hegeine en gereëlde inspeksies behoort deel te wees van jou roetine. Wanneer jy daagliks jou bome watergee ondersoek elke boompie sodat jy so gou moontlik die geringste verandering kan bespeur. Ek weet baie van julle gee nie self julle boompies water nie maar maak gebruik van 'n outomatiese besproeiingstelsel, hetsy drup of oorhoofs. Julle moet dus maar ook die gewoonte aanleer om daaglikse inspeksies uit te voer. Die volgende kontrolelys kan jou help om goeie gewoontes te ontwikkel:

1. Voordat jy water gee, bepaal eers of die boompie werklik water nodig het. As die grond vogtig is, moet nie water gee nie. Indien dit droog is, sorg dat dit nie weer uitdroog nie. Indien dit vir dae aaneen reën, kantel die potte om sodoende dreinering aan te help.
2. Bekyk die blare en lote vir enige ongewone verkleuring, verwringing van blare, verlepping, ens. Droë wind en 'n warm son veroorsaak dat by sommige spesies soos "maples" en witstinkhout, die blare se rante uitdroog. In die geval moet die boompies na meer beskermende areas geskuif word.
3. Verwyder misvormige blare en probeer die oorsaak opspoor. Ondersoek die blare en lote vir luise en behandel onmiddelik.
4. Bekyk die binne areas vir droë of dooie blare. Dit kan van nature wees maar kan ook deur rooi spinnekopmyt veroorsaak word. Verwyder dooie blare en maak binne areas skoon van alle puin.
5. Indien sommige blare siek vertoon en die res gesond, vind uit waarom. Daar mag dalk bedrading wees wat te styf is, of 'n beskadigde tak, of 'n wortel direk onder die geaffekteerde tak mag dood wees.
6. Kyk vir skaalinsekte soos dopluise en skraap hulle af.
7. Wees ook op die uitkyk vir miere. Waar hulle teenwoordig is gaan jy heel moontlik op luise afkom.
8. Terwyl jy kyk vir insekskade kyk ook vir bedrading wat insny. Ontspan dadelik of verwyder.
9. Maak die grondoppervlak skoon, verwyder droë blare en enige ander puin. Dit mag onkruitsaad, spore of insekte huisves.

Vervolg op bl 12

Vergadering van 3 April 2016

"Tip of the month" - deur Francois van As

10. Groei jou bome sterk? Indien nie, is die voeding voldoende? Of is die grond te nat, of te droog? Moet nie voed of water gee voordat jy nie weet wat die probleem is nie, jy mag die toestand net vererger.
11. Is dit nodig dat groei punte teruggeknyp moet word? Gedurende die somer groei die breëblaarsoorte onophoudelik en moet hulle voortdurend teruggesnoei word. Die naaldblaarsoorte soos denne en jenewers (juniper) groei ook die heeltyd en die groeipunte moet ook voortdurend verwyder word. Dit kan tot in middel-herfs gebeur.
12. Gedurende die winter kan so elke tweede of derde dag gekyk word of die grond klam is en of daar nie tekens van insekte is nie.
13. Laastens, staan terug en geniet elke boompie, dit is tog waarvoor bonsai daar is. Visualiseer die moontlike ontwikkeling van elkeen en dink hoe jy dit gaan bereik, tot die finale beeld daarvan. Wat ek gewoonlik doen is om elke boompie te nommer en dan in my veldnotaboekie agter elke nommer die nodige aantekeninge te maak.

Ontwikkel die gewoonte om met sekere voorbedagte rade na jou boompies te kyk – dit sal jou ingesteldheid fokus ten opsigte van hulle behoeftes.

Vergadering van 3 April 2016

Die tema van die vergadering was “Saikei: Chinese rock planting” en is deur Erika Köhler aangebied. Soos altyd wanneer Erika iets aanbied het sy ’n pragtige Chinese landskap geskep en weereens die gehoor vermaak met ’n leersame en genotvolle middag.

Die redakteur het sy notaboek waarin aantekeninge van wat Erika gesê het verloor en plaas (op die volgende bladsy) ’n klompie informasie wat op die internet bekom is oor Saikei.

Vergadering van 3 April 2016

Saikei is the art of creating a living miniature living landscape. It utilizes living trees and combines them with rocks, soil, water and related vegetation such as ground cover. Saikei literally translates as “planted landscape”.
The planting is done to scale as much as possible and increased depth of view is created with optical illusions. In bonsai one must wait years for the tree to mature and become a masterpiece. Saikei allows immature plants to be used immediately. As they age and grow to be out of scale with the saikei landscape, they can be removed, replaced and promoted to a bonsai pot.
Saikei is the easiest of all related bonsai art forms to accomplish satisfactory results within a minimum amount of time, effort and knowledge.

An illusion of depth must be created by using the size and placement of objects to trick the eye. Close middle and distant vantage points are used to create interest and personal involvement. Depth is created by placing smaller objects to the back and larger objects to the front of the landscape.

There are five elements of landscape style:

Harmony—is the just adaption of parts to each other so that they create a connected whole. Nothing must stick out as a sore thumb. The forces of nature shape the objects in nature. In any natural landscape the rocks, trees and vegetation are all effected by the same forces. Therefore all the elements in the Saikei must appear to be effected by the same forces, being it wind, rain, snow, drought etc.

Consistency—is defined as “standing together” or “being fixed in union”. In nature we do not find cactus and ferns growing together. We do not find smooth and rough rocks together. The color of rocks should be similar. Every natural landscape has some degree of logic. Would you find all these plants together in nature?

Balance—is the mental act of comparing two or more elements against each other. Without being aware of it, we are constantly comparing elements against each other. If we feel something is out of balance we feel uncomfortable and have the urge to correct it. The total result should have a balance point. It is usually about one third of the way from one side of the container. This creates interest as it is not symmetrical, yet it creates the feeling of being balanced. Color and visual movement also contribute to balance and should be considered. For instance if the landscape have visual movement from left to right, we place the balance point further to the right. Likewise darker objects carry more weight than lighter.

Scale—is the selection of objects by their comparative sizes. The scale of the landscape determine the size of the objects. A rock in the close vantage point must be in scale with the rock in the middle and distant vantage points. Rocks, sand and plants must be in scale with each other.

Interest—to gain attention, to excite, to engage, to induce one to take part in. Interest is probably the most important aspect because without interest the Saikei has no purpose. Sometimes an unpredictable element, which can also be seeing as a flaw, can make it interesting. It is sometimes the imperfection that grabs the eye and draws one into the scene. It is viewed as “What the artist has to say?” Your statement must be communicated to the viewer.

Vergadering van 3 April 2016

Erika het ’n Peper boom gebruik as haar hoof fokus punt. Sy het ’n groot marmer bak gebruik. Haar landskap was langs ‘water’.

Terwyl ons nog so staan en kyk verskyn daar vanuit die niet ’n krokodil uit die ‘water’. So werklik was die landskap.

HERFSGROETE — deur Dr Pieter Loubser

HERFSGROETE



Verstommende kweper in herfstooi hierbo. Ek kan kyk en kyk en steeds bly kyk. Aangaande plante sê die Nobelprysontvanger, Albert Camus "*Herfs is 'n tweede lente waartydens elke blaar 'n blom is*" en daarom kan Dominic Riccitello beweer dat hy "*sy maande deurbring om vir die herfs voor te berei*".

Ek skryf nie net oor bonsai nie, nee. Ek het deurentyd gehoop om dit, bonsai, te beskryf, maar lewenswerklikhede of nadenke daaroor ook in te bring in die prentjie. Gaan lees asseblief weer 'n keer. Die vakgebied van filosofie karring en ondersoek en vra en krap om, maar dit vra denke en dit is gesond om dit te doen. Die nadenke oor bonsai kan jou ook op ver togte neem.

Herfs bekruip jou stilletjies. Die skadus word langer. Die aandwindjie troosteloos soos die blare neerfladder en kleurkombers onder die bome vorm. Andrea Gibson beleef dit met "*herfs is die moeilikste seisoen. Die blare val almal en hulle val asof na die liefkosing van die aarde*" (vry vertaal) en Dodie Smith (**I Capture the Castle**) vra "*waarom die somermistigheid romanties is wyl die herfsmistigheid net treurig is*?"

Stilletjies? Darnell Lamont Walker beweer dat die "*somer saggies weggaan. Baie soos 'n reisiger wat die einde van 'n verstommende reis nader*". Ek skimp.

Maar herfs is mos nie oor dood nie? Herfs is tot rus kom en wag vir en in die winter, vir die daaropvolgende lente en nuwe groei, nuwe geleenthede. Herfs kan te make hê met terugdenke oor die welige lente en somer en wonder wat gaan volgende keer gebeur. Mense kan in hul herfs terugdink en of jammer wees, of tevrede wees. Samuel Butler sê dat "*herfs die malse seisoen is en wat ons in blomme verloor, win ons nog meer in vrugte*". Maar meer somber dink Joe L Wheeler dat "*tyd meedoënloos voortwandel al langs die gange en strate van ons lewe. Maar dit is nie voor herfs aanbreek dat meeste van ons agterkom dat ons kaartjies gestempel is met 'n terminale bestemming nie*".

Vervolg op bl 17

HERFSGROETE – deur Dr Pieter Loubser

Herfs? Plante se herfs? Wat van ons eie herfs? Plante het 'n siklus, maar nie mense nie, tensy jy in reïnkarnasie glo. Plante begin weer, vir baie jare. Nie mense in my opinie nie. Dit kan dien om ernstig te oorweeg oor wanneer mense in herfs ingaan, wat met hulle gebeur, hoe hulle dit hanteer en hoe mense wie dit nog nie beleef het nie met mense in herfs omgaan. Ons weet nie hoe lank daardie herfs gaan dien nie en ook nie die komende winter nie. Hoe lyk ons herfs? Wat is in ons stamme en takke geberg? Jarod Kintz (**This Book is Not For Sale**): "*Ek hou die blare dop soos hul kleur verander en ek dink, mense doen dit ook. Hul hare verander kleur soos hulle ouer word*". Wat 'n allemintige waarneming! Vertel my weer!

In die geval van plante is herfs 'n baie belangrike tyd in die siklus. Die plant skakel die fabrieke in die blare af en bêre voorraad in stamme en takke om die winter wat voorlê te oorleef met sterk wortels en takke. Ons moet ons bonsai met daardie taak help. Pasop vir droogly, skielike hitte en wind. Jy moes reeds die afgelope somer voldoende voeding gegee het. Jy kan steeds diegene met langer somergroei voed, soos vye en oliene. Chad Sugg sê dat "*ons die bome moet liefhê tot hul blare val en hulle dan aanmoedig om weer te probeer volgende jaar*".

Hierlangsaan Steve Greaves se Carpinus (Korean hornbeam).

In die landstreek waarin ek woon, is daar 'n skaarsste aan bome met baie helder herfskleure. Gelukkig kan ons op Internet fotos kry en ons verplaas na die visuele plesier van diegene wat in in die midde van sulke kleure kan werk. Nou is dit tyd vir baie noukeurig natgooi, blare optel, peste dophou. En as jy sulke anvallige tuiniers het, moet jy mooi omsien na hulle.

Vervolg op bl 18

HERFSGROETE – deur Dr Pieter Loubser

Lauren DeStefano sê in "**Wither**" "*Herfs was nog altyd my gunstelingseisoen. Die tyd wanneer alles ontplof met die laaste pragvertoon, so asof die natuur die heeljaar opgepot het vir die groot finaal*".

Die finale vertoning? In die geval van die natuur is dit net vir daardie bepaalde siklus, want dan kom rus. Oor rus sê John Lubbock (**The Useless Life**) dat "*rus nie laksheid is nie en dis nie 'n mors van tyd om soms op die gras onder bome te lê op 'n somersdag, te luister na die kabbel van water, of om die vlietende wolke in die lug dop te hou nie*". En Alan Cohen brei hierop uit met "*daar is waarde in werk en daar is waarde in rus. Gebruik beide en moet nie een verontagsaam nie*".

Sri Sri Ravi Shankar (**Celebrating Silence: Excerpts from Five Years of Weekly Knowledge – 1995 – 2000**) skryf "*aktiwiteit en rus is twee onontbeerlike aspekte van die lewe. Dis 'n kuns om die balans tussen die twee te vind. Wysheid is om te weet wanneer om te rus, wanneer om besig te wees en hoeveel van elk te hê. Die uiteindelike vryheid is om die een in die ander te vind – besig wees in rus en rus in aktiwiteit*".

Ons kan dit gerus onthou soos Lailah Gifty Akita (**Think Great: Be Great**) aanmaan met "*die paradoks van ontspanning is die hernuwing van die denke; opnuut aanwakker van die gees en weer krag vind*" en soos Toba Beta (**Master of Stupidity**) raadgee met "*alles benodig 'n ruskans*".

Kenji Oshima spog met sy werkgewer se Esdorings. My hemp se punt sou ook uitgehang het met so'n vertoning! En die een op die volgende bladsy kom uit Omiya Bonsai Kunsmuseum in Japan. So natuurlik!

Vervolg op bl 19

HERFSGROETE – deur Dr Pieter Loubser

Die twee Esdorings hierbo is myne, sowel as die Trots van Indië hieronder. Ons vertonings, minstens myne, kan nie vergelyk met Noordelike Halfrond se spogstukke nie, maar dit gee ook plesier.

"*Geen lente of somerprag het so'n grasie as wat ek sien in een herfsgelaat nie*" volgens John Donne in "**The Complete Poetry and Selected Prose**". Die foto op volgende bladsy?

Vervolg op bl 20

HERFSGROETE – deur Dr Pieter Loubser

"*Lente gaan verby en ons onthou ons onskuld, Somer gaan verby en ons onthou ons uitbundigheid, Herfs gaan verby en ons onthou ons eerbied, Winter gaan verby en ons onthou ons volharding*" dig Yoko Ono.

Ashlee Willis (**A Wish Made of Glass**) sê "*Niks sterf so mooi soos herfs nie*". Doodgaan? En as William Cullen Bryant dan vra: "*Herfs.....die jaar se laaste, lieflikste glimlag*"? Maar net elke jaar!

Miskien is dit meer winter in hierdie oubaas hieronder se lewe en dink hy dieper soos Francois-René de Chateaubrand in Memoires d'Outre-Tombe, "*'n morele karakter is verbind tot hierdie herfstonele; die blare wat val soos ons jare, die blomme wat verdof soos ons ure, die wolke vliet soos ons illusies, die lig wat verminder soos ons intellek, die son wat kouer word soos ons toegeneenthede, die riviere wat vries soos ons lewens – almal dra geheime verhoudings tot in ons bestemmings*".

Dit is aanvoelbaar soos die dae korter word en die natuur begin rus. Enkele dae van hoë temperature en jy wil hê dat dit net 'n bietjie langer sal duur, maar jy moet maar virlief neem al trek jou hart soos Virgina Wolf (Jacob's Room) verlang: "*Ek geniet die lente meer as die herfs nou. Ek dink ons doen dit soos ons ouer word*". Dalk hou jy meer van 'n ander seisoen, met rede.

Die seisoene gaan verby. Ons behoort elk te geniet in ons bonsai. Ek sien reeds uit na die komende winter se mooi stamme en takke, ondanks 'n baie teleurstellende herfs hierdie jaar. Ek tel maar deesdae dooie gevalle blare op en maak skoon onder die bonsai. Klein bietjie laaste voeding gegee want sommige groei nog tot bykans in die winter in. "'n Herfstuin het 'n treurige gevoel as die son nie skyn nie...." : Francis Bett Young (Cold Harbour).

Vervolg op bl 21

HERFSGROETE – deur Dr Pieter Loubser

Karen Gibbs sê dit so mooi met "*Blare word ouer met grasie, bring soveel plesier in hul laaste talmende dae. Hoe uitstaande en helder is hul finale vlaag van lewe*", maar Sheniz Janmohamed vra "*Wanneer die laaste blaar val, wat sal binne ons doodgaan*?" Groet ons iets? Gaan iets waarlik dood? Of keer die blare terug na die aarde om toekomstige generasies te voed? Sonder om te kla. Bome gee net. Dankbaar vir wat was – die afgelope seisoen?

"*Totsiens sê beteken niks. Dis die tyd wat ons saam gehad het wat saakmaak, nie hoe ons dit verlaat het nie*" volgens Trey Parker. "*Dit voel reg, maar dit is emosioneel. Om enigiets te groet wat jy gedoen het vir so lank, is moeilik*" volgens Angela Ruggiero.

Maande se saamwees. Dalk het jy gelees. Dalk het jy geniet, saamgestem, verskil. Karen Cushman (**The Loud Silence of Francine Green**) sê "*dis belangrik om te weet wat jy dink, my dierbare, anders sal jy so ingehok wees deur mense se idees en opinies dat jy nie ruimte sal hê vir jou eie nie*". Ek is dit eens met Debasish Mridha wanneer sy sê dat sy "*dikwels skrikkerig is om te praat en daarom opinies en liefde eerder uitdruk deur te skryf*". Ek kan iets waaroor ek sterk gevoel het, later herdink en sagter bewoord. Of beter verduidelik. En dan eers waag om neer te pen. Haastige opinie kan reggestel word.

Vir mense wie oopkop na verlies en afskeid wil kyk, kan gerus die flieks, met onderskrifte, "*The Broken Circle Breakdown*" en "*As it is in heaven*" meemaak. Cinema Nouveau materiaal. Oopkop. Ek hoor graag u opinie. Sien, mens loop die gevaar van stadig sterf as jy dalk is soos Georg Christoph Lichtenberg (**The Waste Books**) vrede belewe met "*Niks is meer bevorderlik vir vrede in die gemoed as om hoegenaamd geen opinie te hê nie*". Dood. En dan is ek so bly om te hoor wat Jean Dubuffet troos met "*tensy mens totsiens sê vir dit wat jy liefhet, en tensy mens reis na geheel nuwe terreine, kan mens net 'n lang verwering van die self met 'n uiteindelike uitsterwing te wagte wees*".

"*Hulle was jonk; tyd het nog nie aan hulle geskuur om hul verskille en opinies te poleer nie*" volgens Kate Morton (**The Distant Hours**).

Totsiens is nie vaarwel nie.

Pieter Loubser

LEDE PROFIEL — LOUIS VAN WYK

Louis is ’n bekende by vergaderings. Hy is ’n man wat altyd sy kamera ook byderhand het en daar is ook al ’n hele paar keer van sy fotos in die Koeda geplaas.

Louis werk as Bedryfsbestuurder by ’n rekenaarmaatskappy. Voor dit was hy ook vir tien jaar in die onderwys. Louis en sy vrou Elmie is al 41 jaar lank getroud en het ’n seun en ’n dogter uit hul huwelik. Die kinders het elk twee kinders, dus is Louis oupa van vier kleinkinders, en hy sê dit is die wonderlikse ding op aarde.

Louis het deur sy skoonsuster in 1969 met bonsai in aanraking gekom. Hy het in 1976 by die Pretoria Bonsai Kai aangesluit. Sy klein versameling het hy binne en op die stoepie van sy woonstel waar hy gewoon het aangehou. Hy is egter toe weermag toe en het al sy bome aan sy swaer geskenk, onderandere sy heel eerste boom, ’n Ficus ingens. Louis sê dat sy swaer steeds daardie boom besit. In 2002 het Louis se dogter ’n klein Natalse vy as geskenk gekry en vir Louis gevra om die boompie te versorg. Daar en dan het die gogga weer gebyt en het Louis weer begin om sy eie versameling op te bou. Louis sê dat sy vrou hom aanspoor en inspireer om bonsai te beoefen.

Louis sê dat die beoefening van bonsai hom rus en vrede gee. As hy die herrie in is vir die wêreld en hy werk aan sy bome verdwyn al sy stres en raak hy rustig. Hy het ’n gunsteling boompie wat ’n vy op ’n rots is en wat ’n afstammeling is van sy dogter se boompie. Sy gunsteling soort bome om mee te werk is die Olien, wilde vy en Witstinkhout. Hy het verskeie ander bome in sy versameling wat hy gewoonlik by die ‘raffle’ wen of by iemand kry. Sy gunsteling styl is wortel oor rots.

Louis se raad aan (veral) beginners is om nie so baie steggies te maak soos hy nie. Moet ook nie bang wees om te bedraad nie. Bedrading is wonderlik om vorm aan ’n boom te gee. Waak ook daarteen dat jou boom waterlote maak. Soms laat Louis nog ’n boom vrek wat gewoonlik agv verstopte besproeingspypies is. Hy is dan baie kwaad vir homself. Hy het deesdae twee pypies by elke boom, net om seker te maak.

Louis het ander belangstellings ook. Hy het ’n pragtige versameling broodbome in sy netjiese tuin. Hy hou ook van scuba duik wat hy graag in die suide van Mosambiek doen en dan geniet hulle die natuur en veral die ‘roads less travelled’, waarvan sy twee 4 x 4 voertuie getuig.

Louis sê dat hy baie gelukkig is in die Kai. Daar is ’n klomp entoesiastiese mense wat sorg dat als vlot verloop. Soos die program, biblioteek, finansies ens. Hy geniet die uur voor die vergadering waar aan bome gewerk word en leer baie daaruit. Hy sou graag meer werkswinkels wou hê.

Louis sê hy sal graag eendag bome wil hê wat ook vir ander mense mooi is en nie net vir hom nie. ♣

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei?

Ons is nou in laat-herfs en die boompies gaan ‘n dormante tydperk binne. Dit beteken dat bemesting nie meer nodig is nie, minder water toegedien moet word maar tog daarop let dat die boompies nie uitdroog nie. Teveel water kan wortelvrot en/of swamsiektes tot gevolg hê. Verwyder alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Aangesien moontlike ryptoestande oppad is, is dit nou die tyd om koue-sensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Dit is nou vroeê winter en daar is nie veel te doen nie. In koue toestande moet watertoediening verkieslik nie laat-middag of in die aand geskied nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd gedurende die dag vir oortollige water om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Bladwisselende bome moet heelwat minder water kry as gedurende die groeiseisoen. Wag dus totdat die oppervlak begin uitdroog voordat water gegee word. As jy nie weet wat om met jou tyd te doen nie kan jy maar solank jou gereedskap begin skoonmaak vir die groot snoei wat voorlê.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het ‘n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Mei	22	8	9	3	6-30mm
Junie	19	5	9	1	6-30mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Bonsai-groete

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome.

Die vergadering van 2 Maart 2013 het gehandel oor die Heteropyxis Natalensis, of Laventelboom, en is aangebied deur Erika Köhler. Erika het ’n Laventelboom by die Walter Sisulu botaniese tuin gekoop om aan te werk vir haar demonstrasie. Die stam was baie reguit. Erika het die dunner van die twee takke verwyder en die hoofstam afgesny net bokant die split. Erika het die boom toe in ’n plastiese groeibak geplant.

Bo: Die foto’s was geplaas in Koeda uitgawe twee 2013. Regs is hoe die boom gelyk het toe Erika hom gekoop het. Middel is die raamwerk waarna Erika hom gesnoei het en regs is hoe die boom gelyk het by die vergadering voordat Erika hom gestyl het.

Links onder is hoe die boom gelyk het nadat Erika aan hom gewerk het op 2 Maart 2013. Regs is die boom afgeneem op 9 Januarie 2016, dus twee jaar en tien maande later. Die boom het baie mooi ontwikkel. Erika sal die boom volgende jaar in ’n bonsai bak plant.

Snippets

Our Environment.

We are all aware that South Africa is a water scarce country. And we have really experienced it this past summer with under average rainfall and very high temperatures. We must therefore all attempt to save water. We must also save electricity as the generation of electricity contributes to pollution.

Washing laundry uses a lot of water. If you can, do laundry only once a week. The loads will be full and that will save TONS of water and electricity, and your money.

Inspirasie uit die natuur.

Jackie Greyling het hierdie pragtige Akasia met haar selfoon in Brits afgeneem. Die boom is oortrek van die blomme. Alhoewel die kwaliteit van die foto nie so goed is nie word die foto wel geplaas as ’n voorbeeld van ’n pragtige Pierneef styl.

Let op hoe laag (naby die grond) van die takke begin.

Iets om na te boots in bonsai?

Commercial news

Terry Erasmus of 'Bonsai Tree—online store' made a special offer for Koeda readers. He says:
"I've just created a voucher code, MAY KOEDA, which entitles anyone who received the Koeda a 10% discount on any order. It's valid for one order per customer (my system can pick this up) and for 2 months. The customer must insert the code exactly as I have shown it, case sensitive.
Bonsai Tree takes great care and pride to package your goods safely and securely, despatching them quickly to you with our chosen network of reliable couriers who ensure orders arrive at your door in the same condition they left us."

See below some of the products available and the web address to the web-site to place orders.

Master collection.

Senior apprentice collection